BEKENDSTELLING VAN EPOG
(Eenheid vir Opleiding en ontwikkeling in die Gedragswetenskappe)
Dr Johan Nel

Ek is 'n privaatpraktisyn met 'n spreekkamer by EPOG op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat. Ek is reeds vir 25 jaar 'n geregistreerde Pastorale Terapeut by SAAP (*South African Association for Pastoral Therapy*) in kategorie 10 (Spesialis). Verder is ek ook by die HPCSA (*Health Professional Council of South Africa*) geregistreer as Sielkundige berader (Praktyknommer 0492973). Ek was vroeër voltyds en die afgelope aantal jare deeltyds, predikant van die Hervormde Kerk.

EPOG (Eenheid vir Opleiding en ontwikkeling in die Gedragswetenskappe) is 'n instansie op die kampus waar terapeutiese en mediese dienste gelewer word en waar studente in Sielkunde en Pastorale Terapie op Magistervlak internskap deurloop. Ek is vir laasgenoemde verantwoordelik. Verder is ek by die Departement Praktiese Teologie (UV) betrokke waar ek lesings aanbied vir hoofsaaklik nagraadse studente en studieleiding verskaf.

Verskeie dienste word uit die Pastorale Terapie spreekkamer gelewer. Terapie (insluitend huwelik- en gesin, trauma, verlies, ensovoorts), voorligting, mentorskap en psigometrika word onder andere by hierdie dienste ingesluit. Ek bied ook korporatiewe dienste aan, is betrokke in die gemeenskap en in gemeentes.

Ek stel graag die volgende spesialiteitsgebiede voor ter oorweging vir moontlike aanbieding in die **VBO program**:

Program	**Inhoud**	**Teiken/opmerking**
Huwelik	• Voorbereidingsprogramme • Verryking ➢ Kommunikasie ➢ Konflikhantering ➢ Seksualiteit ➢ Transaksionele analise	Leraars kan na afloop van die kursus sekere aspekte van die kursus self gaan aanbied Kan in kursusvorm aangebied word, eenmalig waar 'n spesifieke onderwerp hanteer word, of as deel van 'n groter kursus

	• Die middeljarige huwelik
	  ➢ Ons is nie meer kinders nie...
	  ➢ Die leë nes
	  ➢ Nuwe rolle
	  ➢ As die gom nie meer kleef nie
	  ➢ Konstruktief vorentoe met ‘n *plan*	

Gesin	• Verantwoordelike ouerskap • Enkelouerskap • Die wêreld van ‘n kind • Konflik binne die gesin • Die veranderende gesin • Hersaamgestelde gesin	In ‘n altyd-veranderende samelewing word toenemend druk op gesinne geplaas. Die kursusganger sal ‘n blik kry op funksionele en disfunksionele gesinne, en gereedskap vir die praktyk.
Egskeiding	• Teorie en dinamika van egskeiding • Teologiese besinning oor egskeiding • Egskeidingsbegeleiding • Heelword na egskeiding • Suksesvolle egskeiding • Heel ouers en heel kinders	Fasette hiervan kan later deur die kursusganger aangebied word

Seksualiteit	• Bybels- etiese raamwerk vir seksualiteit
	• Spiritualiteit en seksualiteit
	• Seks in die Bybel
	• Ou Testamentiese perspektief oor seksualiteit
	• Hooglied-seks
	• Intimiteit en seksualiteit in die Nuwe Testament
	• Gesonde seks vandag: die uitdaging
	  ➢ Verskille in die behoeftes van mans en vroue
	  ➢ Seksverslawing
	  ➢ Wat is normaal?
		Hierdie inherente deel van menswees word onder die vergrootglas geplaas. Die kursusganger kan uitsien na ‘n kombinasie van grondige teorie, en praktiese voorbeelde en besprekings.

	➢ Wanneer dinge nie lekker werk nie ➢ Beter seksuele selfvertroue ➢ Wees sukse(k)svol ➢ Hoe beïnvloed my gesondheidstoestand ons seksuele lewe? ➢ Praat daaroor! ➢ Op watter ouderdom praat ek met my kind oor seks?	
Gemoedsversteurings	• Herken patologie en gemoedsversteurings • Verstaan en hanteer depressie • Leef saam met die depressielyer • Depressie en angs	Die kursusganger word bemagtig met inligting en kennis, wat bydra tot begrip en hanteringsmeganismes.
Heelword	Die ontdekking van jou eie innerlike krag • Waarom leef ek? • My onderbewuste • Psigiese groei • Ontsnap verwonding Wat is liefde?	Hierdie onderwerp kan in onderafdelings verdeel word, of as kursus aangebied word. Die kursusganger sal bemagtig word om die verworwe kennis weer aan ander te gaan oordra.
Rou en verlies	• Teorie oor rou • Routake • Hanteer dit! • Werk deur en vind nuwe betekenis • Handel af	Alle vorme van verlies word hanteer. Die lewe is eintlik een lang afskeid. Maak boeke toe, maar maak nuwes weer oop. Die kursusganger sal die inligting self kan toepas, en ook met groter vaardigheid en gemak in die praktyk kan omgaan met mense met verliese.
Veerkragtigheid	• Bybelse wysheid = positiewe sielkunde • Beweeg weg van pleisters plak, na voorkoming • Leer om terug te bons • Misluk suksesvol	Die kursusganger sal die beginsels maklik Internaliseer, toepas en gebruik.
Trauma	• Teorie van trauma • Traumahantering	

	• Oorwin jou eie drake • Te veel “lugtyd” aan trauma? Wanneer is dit genoeg? • Die “body-mind” konneksie	
Basiese berading	• Grondbeginsels van berading • Van teorie na praktyk • Wanneer val dit buite my skopus? • Pastor met integriteit	Kursusgangers sal na hierdie inleiding in die wêreld van berading hulleself beter verstaan; ook hulle vermoëns en beperkinge. Die inhoud is beide bevrydend en bemagtigend.

Baie dankie vir die geleentheid!

Johan Nel
Bloemfontein: Februarie 2017